

Saterdag 1 April 2022

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-14

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:13 (AFR83/AFR2020)

Oorsprong van die kerk: Die genade om deel van Christus se kerk te wees!

Die kerk is nie gewild vandag nie. Baie mense verlaat die kerk. Die kerk word ook dikwels aangeval en skerp gekritiseer. Mense sê die kerk is uitgedien en pas nie meer by ons moderne lewe nie. Die mense buite die kerk word al meer en die mense binne al minder.

Maar wie is die kerk? Die kerk is almal wat in Christus is (Ef. 1:13). Wanneer jy een met Christus is, is jy in Christus. Dit is 'n baie belangrike waarheid oor die kerk. Net die kerk is een met Christus! Enige persoon wat dus die kerk afkraak of die kerk verlaat of nie in die kerk belangstel nie, moet weet dat jy in werklikheid nie belangstel om in Christus, om een met Hom te wees nie.

God het sy kerk al voor die skepping gekies om aan Hom te behoort en vir Hom te leef. Wat 'n wonderlike genade om aan God te behoort en vir Hom te leef (Ef. 1:4)! Die kerk is ook die mense wat deur Jesus Christus uit die dood na die lewe oorgebring is (Ef. 1:7). Die kerk is die mense wat deur Jesus verlos is en 'n nuwe lewe, die ewige lewe het! Die kerk is die gelowiges wat deur Jesus Christus aan God behoort. God verenig die kerk onder die kerk se Hoof, Christus (Ef. 1:10). Die kerk is Christus se liggaam en Hy is die kerk se Hoof (Kol. 1:18). Die kerk is dus hulle wat in Christus is, hulle wat deur God gekies is om aan Hom te behoort en vir Hom te lewe, hulle wat die nuwe ewige lewe het en hulle wat aan God behoort.

Is jy deel van die kerk van Christus hier op aarde? Leef dan met 'n gelowige hart wat brand van liefde vir Christus en dankbaarheid teenoor Hom, want om deel van Christus se kerk te wees, is net genade!

Sing: Psalm 89-1:1, 2

Dr. De W Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)